Prentjies vertoon nie?
Regs-kliek in een van die blokkies sodat die prentjies kan aflaai.

Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

eNuus in kort

Kliek op die video of volg die skakel: https://youtu.be/4JVzT-5Ea3E

Sondag by Wapadrant

Sondag 13 Maart 2025

- Daar is Sondag twee eredienste: 08:30 & 10:00.
- Die eredienste word gelei deur dr Peet Vermeulen.

Ter approbasie:

- Die volgende lidmate word **ter approbasie** aan die gemeente voorgehou as diakens: Ben Venter en Esmond Pienaar. Indien hul die roeping opvolg, sal bevestiging Sondag 18 Mei plaasvind.

Liefdegawe:

Preekstoel opname - uitslag

Hier is die finale uitslag van die opname gedoen onder die lidmate, wat op 31 Maart 2025 geëindig het:
Uit 'n totaal van 273 Reaksies / Respondente ontvang:

1. Vir die "Verwydering van die preekstoel" = 76 lede wat 27.8% verteenwoordig.
2. Vir die "Los die Preekstoel daar" = 59 lede wat 21.6% verteenwoordig.
3. Vir die "Skuif terug as Fokuspunt" = 138 lede wat 50.6% verteenwoordig.

Hier is dus 'n duidelike voorkeur vir punt 3. (Net meer as die helfte van die steekproef) Volgens WhatsApp se AI funksie is die steekproef grote, (ongeveer 18%), voldoende om 'n betroubare en geldige opname en gevolgtrekking te kan maak oor die saak en kan die algemene persepsie / opinie hieroor van die hele gemeente reflekteer / verteenwoordig.

Daar gaan nou eers met 'n argitek gepraat word om so 'n verandering te ontwerp en voor te lê. Daarna sal daar 'n koste berekeninge gemaak word sodat dit alles by die volgende Kerkraad vergadering kan dien op 04 Jun. 2025.

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Lina Pelser wat ‘n operasie ondergaan het.
- Winnie Stoppel wat in die hospitaal was en ‘n operasie ondergaan het.
- Magda Prinsloo wat ‘n knie-operasie ondergaan het.

- Riana de Witt wat in die hospitaal opgeneem is.
- Ryan Eager (11-jarige seun van Schalk en Nicolene) wat vandag sy 1ste chemoterapie ondergaan.
- Almal wat ongesteld is.

Gebed vir die week:

Versoek om by die gebedsgroep aan te sluit

https://chat.whatsapp.com/JL7Os5H3dXU2CTR5nfIhPz

Lidmaat Netwerk

Besoek die Lidmaat Netwerk vir produkte, dienste, poste gevra, poste beskikbaar of sosiale geleenthede buite die gemeente. Kyk wat ander bied en bou so aan jou stad!

Lidmate kan advertensies gratis plaas. Stuur ‘n epos met besonderhede (in .jpg of .png formaat) aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

https://www.canva.com/design/DAFYMHYdp

Uit en Tuis

expando

Leierskap

Hoe belangrik is leierskap in die kerk?

Navorsing toon dat daar 'n wêreldwye leierskap krisis is. Hierdie leierskap krisis verwys na 'n tekort aan effektiewe, etiese en visioenêre leierskap oor verskeie bedrywfs sektore heen (polities, korporatief, maatskaplik ens.). In kort gaan hierdie krisis daaroor dat leiers nie vertrou kan word nie wat in sy wese 'n karakter probleem is.

As kerk het ons 'n verantwoordelikheid om leiers te kweek en die belangrikste plek waar ons moet begin is by karakter. Die belangrikheid van karakter word ook deur Paulus beklemtoon (1 Tim 3). In sy lys van 17 kwalifikasies, gaan 15 oor karakter en slegs twee oor bevoegdheid.

Kom dink saam met ons na oor ses belangrike karaktereienskappe wat elke leier moet nastreef en ontwikkel!

Laat die kerkraad, kleingroep of Bybelstudiegroep kom deelneem!

Webinaar 14 April – 18:00 tot 19:00

Kontak Marcel Floor (0828285811) vir die skakel

https://gksaportaal.co.za/expando/

Alle jeug: babas tot studente

Maak die lofprysingsaand op 20 Mei mooi!

Wys met jou reënboog-handafdruk dat jy jou in God s'n plaas.

Maak jou handafdruk op die wit laken in die vierkant tussen die eredienste op

13 April, 4 Mei & 11 Mei

Teken die datum aan

Kameeldrift: Damesoggend

23 Augustus 2025

Wil jy graag 'n gasvrou vir 11 gaste wees? (Die gasvroukaartjie is gratis). Kontak Elize van der Walt by 079 339 5244

Inskrywingsvorm by: https://forms.gle/M7RYVm7eP5wjkEzV9

Paasfees Fondsinsameling

Kaartjies vir die Paasprogram (ete UITgesluit) is nog beskikbaar teen R100 per volwassene en R75 per kind. Dit is in die kerkkantoor beskikbaar. Jy kan ook ‘n kaartjie koop by die deure. Elektroniese kaartjies is steeds beskikbaar en kan bekom word deur Esmé via WhatsApp te kontak by 082 923 6631.

Elektroniese betalings kan na die kerk se bankrekening (Gereformeerde Kerk Wapadrant, ABSA 349 0151 957, Takkode 632 005) gemaak word. Dit moet ook vergesel wees van die korrekte verwysing nl. ‘Naam+van+Pase’. Bewyse kan via WhatsApp aan Esmé gestuur word waarop jy jou kaartjie(s) elektronies sal ontvang.

Onthou, hierdie program vervang nie die geskeduleerde Paasprogramme op Donderdag 17, Vrydag 18 en Sondag 20 April 2025 nie.

Liefdevolle Verhoudinge

Die Bybelstudiemateriaal (vir kleingroepe) is nou beskikbaar.

Gids vir kleingroeplede

Gids vir kleingroepleiers

Laai dit af op ons webblad by:
https://www.wapadrant.co.za/kleingroepbiblioteek.html

Meer oor eredienste

PREEKROOSTER 2025

DATUM	IDIOOM	TYD	PREDIKER
13 April	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Peet Vermeulen
17 April (Wit Donderdag)	Kontemporêr	18:30	Marcel Floor
18 April (Goeie Vrydag)	Kontemporêr	08:30	Marcel Floor
20 April (Paassondag)	Kontemporêr	08:30	Marcel Floor
27 April (Nagmaal)	Klassiek	08:30	Rassie Smit

EREDIENSTYE
Tydens skoolkwartale is daar 'n erediens om 08:30 sowel as 'n erediens om 10:00. Gedurende skoolvakansies en langnaweke is daar een gesamentlike erediens om 08:30

IDIOOM
Die Kontemporêre erediens is meer modern en sluit 'n verskeidenheid van instrumente in. Die Klassieke erediens is meer tradisioneel en sluit hoofsaaklik die orrel en ander klassieke instrumente in.

REGSTREEKSE UITSENDING
Tans word slegs die 08:30 erediens regstreeks vir Facebook en Youtube uitgesaai.

Volg eredienste via Youtube

https://www.youtube.com/channel/UCb3hrn

Volg eredienste via Facebook

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos

'n Hart van gee

'n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog 'n kans. Gebruik die SnapScan-funksie of QR-kode wat in kerkbanke aangebring en gee so ook jou donasie.

Die verwysing is baie belangrik:

- As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. "Liefdegawe" of "Kollekte" wees.
- Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as 'n "Kerkkas" bydrae.

- Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby.
- Jy mag ook anoniem bly.

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor